## OOR DIE KERKWET VAN 1862 [1]).

Die skriftelik vasgelegde en formeel aanvaarde kerkordelike reëlings van ons Kerk gaan terug na die Kerkwet van 1862. Hoewel daar voor dié Kerkwet 'n ouere Kerkwet bestaan het, naamlik dié wat in 1857 in die **Staats Courant** gepubliseer is [2]), is dit nieteenstaande die goedkeuring wat die Algemene Kerkvergadering daaraan geheg het [3]), nooit deur die Volksraad bekragtig nie. Eers op 24 Oktober 1863 is die **Reglementen voor de Nederduitsch-Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek**, wat in 1862 deur die Algemene Kerkvergadering aanvaar is, deur die Volksraad bekragtig [4]). Daarmee het ons Kerk vir die eerste maal 'n formeel goedgekeurde eie Kerkwet, wat die kerklike lewe moes reël, gekry. Dit is wel die moeite werd om hierdie Kerkwet, opgestel deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van 1861 waarvan die predikante D. van der Hoff, A. J. Begemann en G. W. Smits lede was [5]), 'n keer van naderby te bekyk. Hoewel dit reeds aangetoon is dat hierdie Kerkwet van 1862 hoofsaaklik opgestel is na die voorbeeld van die Kaapse Kerkwet van 1842 wat op sy beurt weer afhanklik was van die **Algemeen Reglement** van 1816 van die Nederlandse Hervormde Kerk, is daar nog nooit spesifiek aandag aan hierdie Kerkwet gegee nie [6]). Tog is dit nodig aangesien al die opvolgende kerklike wette van ons Kerk in hoofsaak toevoegings tot en verbeterings van hierdie oorspronklike Kerkwet was. Met die aanvaarding van ons huidige Kerkwet in 1951 is daar duidelik afgesien van 'n groot deel van hierdie kerkregtelike verlede en is daar weer direkter teruggekeer na die reformatoriese kerkregtelike beginsels soos dit in die sestiende en sewentiende eeue vasgestel is. Terselfdertyd het die Kerkwet van 1951 heelwat van die nuwere teologiese insigte van die laaste tyd verdiskonteer. In 1951 is vir 'n baie groot deel weer teruggekeer na die presbyteriaal-sinodale kerklike orde waar die geestelike amp van die presbyter en die vergadering van die ampsdraers erken word as die hoofmomente in die lewe en werk van die Kerk. Die reglementêre organisasie van die Kerk wat die Kerk vir 'n groot deel georden het na die beginsels van die wêreldse genootskaplike reg, het daarmee as organisatoriese beginsel uit ons Kerk verdwyn. Die Kerkwet van 1862 was egter baie duidelik

---

1) Lesing gehou voor die Kongres van die Kerkhistoriese Genootskap van die N.H.K., Pretoria, 16 September 1962.

2) Ook herdruk in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal,* No. 3, Kaapstad s.j., bls. 557-576

3) Notule Algemene Kerkvergadering, 24 Februarie 1857.

4) Vg. *S.A. Argiefstukke. Transvaal No. 4,* Kaapstad s.j., bls. 220. Die *Reglementen* is in 1862 uitgegee, gedruk by J. P. Borrius te Potchefstroom. Dit is herdruk in die genoemde uitgawe van die *S.A. Argiefstukke,* bls. 582-610.

5) S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika,* Pretoria 1955, bls. 137.

6) S. P. Engelbrecht, *a.w.,* bls. 138.

'n produk van hierdie reglementêr-organisatoriese beginsel wat vanaf die **Algemeen Reglement** van 1816 in die Nederlandse Kerk en vandaar in die Afrikaanse Kerke, uitgenome die Gereformeerde Kerk, in swang was. Dat dié negentiende eeuse kollegialistiese beginsels in ons kerklike orde ingeweef was, is reeds in 1924 deur S. P. Engelbrecht gekonstateer [7]) en dat dié beginsels van 'n totaal ander aard is as die fundamentele beginsels vir die inrigting van die Kerk wat deur Calvyn op grond van die Heilige Skrif neergelê is, is ook al meerdere male betoog [8]). Nieteenstaande die feit dat die kollegialistiese beginsels vandag formeel uit ons kerklike orde verdwyn het, is dit tog interessant om weer 'n keer die Kerkwet van 1862 op 'n paar punte na te gaan en te beoordeel. Want, interessant genoeg, bly enkele van die ou kollegialistiese beginsels nog nawerk in die lewe van die Kerk grotendeels vanweë die feit dat ons Kerkwet van 1951 nie in sy geheel gegroei het uit die veranderende insigte en opvattings van ons Kerk sélf nie maar op vele punte niks meer is as 'n oorname van dit wat in Nederland vir die Nederlandse Kerk geformuleer is.

As die Kerkwet van 1862 nagegaan word en daarby die voorbeeld, naamlik die Kaapse Kerkwet van 1842, dan is dit allereers opvallend dat dit bestaan uit vier langs mekaar staande bundels reglemente. Die eerste, die **Algemeen Reglement,** reël die bestuur van die Kerk en as bestuursliggame word genoem die Kerkraad, die Algemene Kerkvergadering en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Die tweede is die **Reglement . . . . voor de Kerkeraden** en daarin word gehandel oor die samestelling, verkiesing en werksaamhede van die Kerkraad en oor die ampspligte van die ampsdraers. Die derde is die **Reglement voor Kerkelijk Opzicht en Tucht** terwyl die afsluitende reglement die titel dra **Algemeene Weduwenbeurs.** Opvallend is dat met hierdie orde geen voorsiening gemaak word vir die instelling van 'n Ringsvergadering nie. Waarskynlik het dit gebeur omdat die getal gemeentes van die Kerk dit nog nie regverdig nie en die Algemene Kerkvergadering buitendien jaarliks vergader het [9]). Verder is daar geen voorsiening gemaak vir die afneem van die proponentseksamen of die toelating van kandidate tot die diens van Woord nie. Dit is waarskynlik uitgelaat omdat die Kerk nog geen gedagte gehad het om 'n eie opleiding vir predikante te vestig nie en omdat vasgestel is dat alle nuwe predikante van die Kerk by die Kaapse Kerk

---

7) S. P. Engelbrecht, *De Algemeene Kerk en de Plaatselike Gemeente,* artikel in *De Hervormer*, Jrg. XV, No. 9, blz. V: De Hervormde Kerk, die een presbyteriaansche kerkinrichting heeft, heeft het kollegiale stelsel van kerkregering, evenals de Ned. Geref. Kerk in Z.A.

8) Vgl. A. J. Bronkhorst, *Schrift en Kerkorde,* Den Haag, 1947, blz. 179, C. J. H. de Wet, *Die Kollegiale Kerkreg,* Amsterdam 1921 asook J. Stahl, *Kirchenverfassung nach Lehre und Recht der Protestanten,* S. 35: Es (die kollegialisme) ist die Verfassungslehre des Rationalisme, die Verfassungslehre des Unglaubens. Es hat deshalb, gleich diesem, seinem Sitz im Bereich des ganzes Protestantismus aufgeschlagen.

9) *Algemeen Reglement,* art. 36.

gelegitimeer moes word [10]. Dit het egter nog geen jaar na die bekragtiging van die Kerkwet al probleme geskep toe die Kerk self proponent N. J. van Warmelo tot die diens van die Woord moes toelaat [11]) omdat die Kaapse N. G. Kerk die legitimasie aan hom geweier het en ook die legitimasie van Di. van der Hoff, Bergemann en Smits ingetrek het [12]).

Wat die inhoud van die Kerkwet van 1862 betref, moet alleers gelet word op die verhouding tot die Owerheid, Die Kerk was in Transvaal nou aan die Owerheid verbonde want reeds die Grondwet van die ou Republiek het in 1858 in art. 20 bepaal :

> Het volk wil zijne Nederduitsch-Hervormde Godsdienstleer, zoooals deze in de jaren 1618 en 1619 door de Synode te Dordrecht is vasgesteld, in hare grondbeginselen blijven behouden, en de Nederduitsch-Hervormde Kerk zal de Kerk van de Staat zijn.

Dit het vir die Kerk egter géén Owerheidsbemoeing ten opsigte van interne, kerklike aangeleenthede meegebring nie. Die voorreg van Staatskerk te wees, het beteken dat die traktement van die predikant deur die Owerheid uitbetaal is sonder dat die Owerheid ten opsigte van die beroep van die predikant of selfs sy indienstreding, geken moes word. Die verband met die Owerheid kom in die Kerkwet slegs na vore in die **Algemeen Reglement,** art. 41 waar gestel word dat die Algemene Kerkvergadering in 'n onmiddelike verband met die Volksraad staan en art. 39 wat bepaal dat veranderinge in die Reglemente aan die Volksraad voorgelê moet word terwyl art. 36 meld dat 'n verandering van die vasgestelde datum van die byeenkoms van die Algemene Vergadering aan die Uitvoerende Raad gerapporteer moet word.

Die band met die Owerheid is hier aanmerklik losser as in die geval van Nederland waar die Owerheid deur middel van die Departement voor Eeredienst 'n groot en dikwels beslissende invloed op die kerklike lewe uitgeoefen het, so dat dit somtyds as caesaro-papisme getipeer is [13]).

Ook speel die Owerheid volgens die Kerkwet van 1862 'n veel kleiner rol ten opsigte van die Kerk as wat dit die geval was in die Kaapkolonie waar die verhoudinge deur die Kerkwet van 1842 gereël was. Afgesien van die feit dat die Kaapse Owerheid ook die reg voorbehou het om veranderinge in die Kerkwet te kontroleer, het die Kaapse Owerheid ook

---

[10]) S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis,* bls. 181.

[11]) Vgl. A. D. Pont, *Nicolaas Jacobus van Warmelo 1835-1892,* Utrecht 1955, bls. 52 - 54.

[12]) *Handelingen der Tiende Vergadering van de Synode der Gereformeerde Kerk van Z.A.,* Kaapstad 1864, blz. 119.
Vgl. ook A. D. Pont, *a.w.,* bls. 35 vg.

[13]) Vgl. J. C. A. van Loon, *Het Algemeen Reglement van 1816,* Wageningen 1942, blz. 198 vg.

ten opsigte van die toelating van predikante tot die amp [14]) en die vulling van die vakatures in die gemeentes 'n belangrike bevoegdheid gehad [15]). Hoewel dié Owerheidsbevoegdhede formeel beperk was tot die uiterlike organisasie van die Kerk, het dit in die praktyk, in Nederland sowel as in die Kaap, nié daarby gebly nie en het dit ook op die interne leer en lewe van die Kerk 'n groot invloed uitgeoefen. [16]). In Transvaal het die verbondenheid van die Kerk aan die Owerheid egter nooit dié gevolge in 'n dergelike mate gehad nie enersyds omdat die Owerheid uiters welwillend teenoor die Kerk gestaan het en andersyds omdat die Owerheid nie 'n bepaalde koers, beleid of leer op die Kerk wou afdwing nie. Die feit dat die Kerk in die ou Republiek van Transvaal 'n Staatskerk was, het die leer en die lewe van die Kerk beslis nie so beïnvloed dat dit die Kerk van sy Bybels-reformatoriese beginsels sou kon afdwing nie. Dit is egter wel duidelik dat waar die reformatoriese beginsels ten opsigte van die Kerkregering skade gely het, dit die gevolg van die Kerk se eie keuse was en nié die gevolg Owerheidsbemoeienis nie.

Daarom is dit ook nodig dat daar gelet sal word op die reëlings ten opsigte van die leer wat die Kerk in hierdie kerkordelike uiteensetting geformuleer het. Ten aanvang moet daarop geyys word dat in die Kerkwet nêrens verwys word na die belydenisskrifte van die Kerk nie en die indruk sou deur die Kerkwet alléén geskep kon word dat die Kerk soiets nié besit nie. Dit hang egter saam met die feit dat die Kerk in die Kaap en in Nederland nooit die belydenisskrifte van die Kerk in die kerkwet uiteengesit het nie. Selfs die Dordtse kerkorde van 1619, wat as die klassieke sewentiende eeuse formulering van die reformatoriese kerkregtelike beginsels beskou kan word, noem nêrens die belydenisskrifte van die Kerk nie. Dit wil nie sê dat die belydenisskrifte van die Kerk nie bekend is nie want die is sorgvuldig deur 'n sinodale besluit bepaal. In hierdie voetspoor het die Nederlandse **Algemeen Reglement** van 1816

---

14) *Ordinance for repealing the Church Regulations of the 25th July, 1804, and enacting others in their stead* (= Ordonnansie No. 7 van 1843) gepubliseer in *Statute Law of the Cape of Good Hope*, Cape Town 1862, p. 637. Dit is artikel 62 (16), art. 63 (a), art 64 (3a). Die Kaapse Kerkwet was 'n aangehegte *Schedule* van hierdie Ordonnansie en word hier in Engels gesiteer aangesien die Nederlandstalige kerkwet *nie* die oorspronklik-goedgekeurde is nie maar 'n vertaling daarvan.

15) *Statute Law of the Cape of Good Hope*, p. 610: And be it enacted that in every case in which a vacancy shall occur in the office of minister in any congregation belonging to the said church of which congregation the minister for the time being receives a salary from the colonial government, the governor of this colony for the time being shall have and possess and exercise in whatever manner he shall deem the best for the vacant congregation the sole and unrestricted right of filling up such a vacancy, by the appointment of whatever individual he may select from among the number of . . . . ministers . . .

16) *Statute Law of the Cape of Good Hope*, p. 611. Vgl. ook F.E.o'B. Geldenhuys, *Die Regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode*, Pretoria, 1951, bls. 51.
Vgl. verder art 65 (3b).

en die Kaapse Kerkwet van 1842 die belydenisskrifte van die Kerk ook nie spesifiek genoem nie. [17]). Vandaar dat die Kerkwet van 1862 ten opsigte van die leer in die **Algemeen Reglement** art. 12 slegs stel [18]).

> „De zorg voor de belangen van de Nederduitsch-Hervormde Kerk, de handhaving harer leer, de vermeerdering der Gods-dienstige kennis, de bevordering van Christelijke zeden, de bewaren van orde en eendragt en de aankweeken van liefde en achting voor het burgerlijk bestuur, moet steeds het hoofd-doel zijn van allen, die in onderscheidene betrekkingen, met het kerkelijk bestuur belast zijn.

In die **Reglement voor Kerkelijk Opzicht en Tucht,** art. 3 word verder bygevoeg [19]).

> Aan de kerkelijke tucht zijn onderworpen alle lidmaaten, en inzonderheid predikanten en ouderlingen, diakenen en andere leden van Kerkelijke besturen ter zake van onchriste-lijke wandel, van **openbare strijd met den geest en de beginselen van de belijdenis der Hervormde Kerk, . . . .**

Ten derde kan ook nog verwys word na die **Reglement . . . . voor de Kerkeraden,** art. 13(2) waar onder die werksaamhede van die Kerkraad genoem word [20]):

> Het toezicht op de belijdenis en den wandel der gemeente en de handhaving van de kerkelijke orde . . . .

Wat presies die leer van die Kerk is, word dus nêrens spesifiek bepaal nie waarskynlik omdat dit ook as algemeen bekend veronderstel is dat dit in drie formuliere van enigheid saamgevat is. Art 20 van die Grondwet van 1858 het natuurlik verwys na die „Nederduitsch-Hervormde Gods-dienstleer, zooals deze in de jaren 1618 en 1619 door de Synode te Dordrecht is vasgesteld". Daarby het die herderlike skrywe van die

---

17) *Statute Law of the Cape of Good Hope,* p. 611. Die Voorrede van die Ordonnansie noem die belydenisskrifte wel, maar dan onvolledig want naas die Heidelbergse Kategismus word slegs „the confession of the synod of Dort" genoem. Die Nederlandse Geloofsbelydenis word dus verswyg.

Vgl. hierby ook A. D. Pont, *Enkele Aantekeninge by die debat oor die uitleg van die Dordtse Leerreëls* ens., artikel in *Hervormde Teologiese Studies,* Jrg. 15, Pretoria 1959, bls. 30.

In die Kaapse Kerkwet van 1842, art. 8 word slegs as taak van die Kerk in die algemeen gestel: The interests of Christianity in general and of the reformed church in particular, the maintenance of her doctrine, the increase of religious knowledge etc. Daar moet egter op gewys word dat in die proponentsondertekeningsformule, art. 62 (13) verwys word na: the adopted formulas of uniformity.

18) *S.A. Argietstukke, Transvaal No. 4,* bls. 584.

19) *S.A. Argietstukke. Transvaal No. 4,* bls. 595. My kursivering.

20) *S.A. Argiefstukke. Transvaal No. 4,* bls. 592.

Algemene Kerkvergadering van 1855, **Eene Stem uit Mooirivier,** ook na die leer van die Kerk verwys, maar nie spesifiek nie [21]). Solank as wat die Transvaalse Kerk se predikante aan die Kaap gelegitimeer is, het hulle natuurlik die Kaapse ondertekeningsformule onderskrywe maar met die toelating tot die diens van die Woord van proponent N. J. van Warmelo in Junie 1864, is in Transvaal 'n proponentsondertekeningsformule opgestel waarin die drie formuliere van enigheid spesifiek genoem is [22]). Dat hierdie leer van die Kerk gehandhaaf moes word en dat die Kerk geen leervryheid in sy midde wou toelaat nie, blyk wel uit art. 3 van die **Reglement voor Kerkelijk Opzicht en Tucht** terwyl dit ook uitvoerig gestel word in die herderlike skrywe van 1855 [23]).

Tog is dit wel duidelik dat die besturende en administratiewe ten behoewe van die Kerk meer nadruk kry in hierdie Kerkwet van 1862 as wat dit die geval in die reformatoriese kerkordes was. Daarvoor is ongetwyfeld die Nederlandse **Algemeen Reglement** van 1816 verantwoordelik en dieselfde tendens kom ook in die Kaapse Kerkwet van 1842 voor. Vandaar dat die „zorg voor de belangen van de Nederduitsch-Hervormde Kerk" belangriker geag word as „de handhaving harer leer" en dan is dit wel merkwaardig dat dit nie gesien word as taak van die **Kerk** nie maar alleen van diégene wat op die bestuursliggame van die Kerk moet dien [24]). Dit hang saam met die teologiese visie waaruit die Nederlandse **Algemeen Reglement** van 1816 gespruit het en wat die opvattinge in die Kaap in 1842 en daardeur dié in Transvaal in 1862 beïnvloed het. Hier is die bepalende gedagte wel dat die Kerk 'n **genootskap** is wat op 'n min of meer demokratiese manier georganiseer is [25]) en dit het dwarsdeur die kerklike organisasie deurgewerk. Daarmee is die reformatoriese presbyteriaal-sinodale beginsels laat vaar en die beginsels van die negentiende Eeuse kollegialisme ingevoer. Daarom is dit nodig dat daar ook 'n oomblik by die Kerkbegrip, soos dit in die Kerkwet van 1862 na vore kom, stilgestaan sal word.

Hier word die Algemene Kerkvergadering gesien as die hoogste wetgewende, regsprekende en besturende mag van die Kerk waaraan al die ander besture onderworpe is [26]). Die bestuur met die kleinste gesag is

---

21) *Eene Stem uit Mooirivier,* herdruk in *Hervormde Teologiese Studies,* Jrg. 18, Pretoria 1963, bls. 155: . . . . zoo lang als gij uwe Bijbels en de Geloofsleer der Gereformeerde Kerk achter dezelve gedrukt bezit, leest, onderzoekt en beoefent, zal niemand u, . . . , uw dierbaar kleinood, . . . . , de zuiveren geloofsleer der Gereformeerde Kerk, kunnen ontnemen

22) Vgl. *Kerkwet van die Ned. Herv. Kerk van Afrika,* Hfstk. VI, art. 15. Vgl. ook die Akte van Bevestiging van ds. van Warmelo gesiteer by A. D. Pont, *N. J. van Warmelo,* bls. 54.

23) *Eene Stem uit Mooirivier,* HTS. Jrg. 18, bls. 155 e.a.

24) Vgl. *Algemeen Reglement,* art. 12. *S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 4,* bls. 584. Vgl. ook art. 8 van die Kaapse Kerkwet van 1842. 'n Volkome ander toon word aangetref in die Kerkwet van 1951, art. IV.

25) Vgl. *Statute Law of the Cape of Good Hope,* p. 609.

die Kerkraad wat op sy beurt as verteenwoordigend van die gemeente beskou word [27]. Aangesien daar nog geen Ringsvergadering bestaan nie, is die Algemene Kerkvergadering die enigste hiëragies-hoëre vergadering. Hier word dus 'n baie duidelike hiërargiese beginsel aanvaar terwyl die samestelling van die Algemene Kerkvergadering op die verteenwoordigende beginsel gereël word en word die Kerkraad as kieskollege vir die Algemene Kerkvergadering gesien [28]. Die Kerkraadsvergadering self word by die eerste samestelling daarvan deur die gemeentelede gekies [29]) maar daarna word die ewentuele vakatures by wyse van benoeming deur die Kerkraad self aangevul [30]. Omdat die hele nadruk op die administratiewe en bestuurlike gelê word, word daar in hierdie kerkordelike reëling nêrens die geleentheid geskep om oor geestelike vrae beslissing te vel nie. Dit is miskien één van die redes waarom die groot teologiese verskille nooit werklik ter sprake gebring is by die kerkverenigingsdebatte in die jare 1882 en later nie.

Verder word die algemene Kerk as die primêre gesien waarvan die gemeentes die onderdele is [31]) terwyl die lidmaat allereers lid is van die Kerk in die algemeen en daarna van die plaaslike gemeente[32]. Hierdeur word die genootskaplike karakter van die Kerk baie sterk beklemtoon. Ook en veral deur die gesagsopvatting wat so geïnterpreteer word dat die gesag van die Kerk inherent in die Kerk aanwesig is en by die meerderheid in die Kerk berus. Die gesag in die Kerk kom dus voort **ex re et sua natura.** Die tendens in die Kerkwet is om die Kerk te verstaan as 'n organisasie wat geheel en al menslik, 'n skepping van die natuurlike en vrye wil van die mens is.

Tenslotte word die amp in die Kerkwet van 1862 gesien as 'n orgaan van die Kerk en gemeente [33]) terwyl die gedagte van die algemene priesterskap van die gelowige nie in die kerkwet verdiskonteer word nie. Die

---

26) *Algemeen Reglement,* art 38. *S.A. Argiefstukke. Tvl. 4,* bls. 589.

27) *Algemeen Reglement,* art. 20. *S.A. Argiefstukke. Tvl. 4,* bls. 586.

28) *Algemeen Reglement,* art. 34. *S.A. Argiefstukke. Tvl. 4,* bls. 588.

29) *Reglement . . . voor de Kerkeraden,* art. 6. *S.A. Argiefstukke, Tvl. 4,* bls. 590.

30) *Algemeen Reglement,* art. 9. *S.A. Argiefstukke. Tvl. 4,* bls. 583.

31) *Algemeen Reglement,* art. 1. *S.A. Argiefstukke. Tvl. 4,* bls. 582.

32) *Algemeen Reglement,* art. 3. *S.A. Argiefstukke. Tvl. 4,* bls. 582. Vergelyk in hierdie verband andermaal: S. P. Engelbrecht, *Algemeene Kerk en Plaatselike Gemeente,* bls. vi: Men is dus de Algemeene Kerkvergadering meer gehoorzaamheid verschuldigd dan aan de plaatselike Kerkeraad . . . . Een vergelijking kan gemaakt worden met den Staat. 'n Bietjie verder word die Kerkraad in hierdie vergelyking gelykgestel met 'n munisipaliteit in die gewone Staatsbestel.

33) *Algemene Reglement,* art. 18. *S.A. Argiefstukke. Tvl. 4,* bls. 585 waar ten opsigte van die ampsdraer gesê word: De belangen van elk dier gemeenten zijn toebetrouwd aan den Predikant, benevens Ouderlingen en Diakenen, die allen door lidmaatschap aan die Gemeenten behooren verbonden te zijn. Asook art. 20: De Kerkeraad *vertegenwoordigt* en bestuurt de gemeente.

sekere voorrangsposisie wat aan die predikant toegeken word bo die ouderling en die diaken deur die Kaapse Kerkwet van 1862, [34]) word gelukkig nie deur die Transvaalse Kerkwet oorgeneem nie, Tog word daar wel 'n hiërargiese onderskeiding gesuggereer tussen die ampsdraers enersyds en die gemeentelede andersynds aangesien daar nêrens in die Kerkwet aan gedink word dat dit juis die gemeente is wat 'n taak in en ten behoewe van die wêreld het nie. [35]).

Dat hierdie kerkbegrip, soos dit in die Kerkwet van 1862 voorkom, min verband met die presbyteriaal-sinodale opvattings van die reformatoriese vaders en die vroeë reformatoriese kerkordes het, word dadelik duidelik indien laasgenoemde nagegaan word. Hierdie kollegialistiese kerkbegrip het egter vir 'n baie groot deel bepalend gebly vir die kerkordelike reëlings van ons Kerk tot en met die aanvaarding van die Kerkwet van 1951. Byna vanselfsprekend word tot op die huidige die nawerking daarvan in die kerklike lewe nog gevoel. Daarom wil dit as noodsaaklik voorkom dat teenoor hierdie kollegialistiese opvattings die beginsels van die reformatoriese kerkordes, soos dit uit die Heilige Skrif gelees is, na vore gebring sal word.

Die eerste verskilpunt is wel dat in die presbyteriaal-sinodale sisteem wat in die besonder die skepping van die kerkvader Johannes Calvyn genoem kan word, nié die sinode die belangrikste organisatoriese element is nie maar wel die presbyteriale amp [36]). Histories word die presbyteriaal-sinodale organisasie die eerste aanvaar deur die Franse Hugenotekerk in 1559 en hier is die tweede grondpyler van die sisteem die plaaslike gemeente want daar word Gods Woord verkondig en daar moet dus die basis en die bron van alle geestelike gesag in die Kerk lê [37]). Die plaaslike

---

34) *Statute Law of the Cape of Good Hope*, p. 623, art. 34 (19) en (23).

35) Dit blyk uit die bestuurlik-administratiewe tendens van die hele Kerkwet van 1862. Dit gaan daar om die bestuur van die genootskap, dit is die Kerk. Hierdie gedagte het tot vandag toe 'n verlammende nawerking in die kerklike lewe omdat die gemeente opgevoed is met die gedagte dat die predikant en die kerkraad die taak van die Kerk in en ten behoewe van die wêreld ten uitvoer moet bring. Die Bybels-reformatoriese visie is natuurlik presies die teenoorgestelde.

36) Vgl. Joh. Calvinus, *Institutio christianae religionis*, IV, 12, 7. Dit word verder bewys deur die feit dat ook die roomse kerkordelike stelsel die sinode en konsilie as vergadering van ampsdraers van die Kerk ken terwyl die verskillende episkopaalse stelsels ook vir die sinodale vergadering 'n belangrike plek inruim.

37) H. G. Kleyn, *Algemeene Kerk en Plaatselijke Gemeente*, Dordrecht 1888, blz. 18: Wilde men niet geheel of halverwege op de Roomsche paden terugkeeren dan was het noodig de zelfregeering der plaatselijke gemeente te handhaven. Zelfregeering niet in dien zin dat de plaatselijke gemeente in alle dingen volkomen vrij zoude zijn te doen of te laten, wat zij verkoos, maar zoo dat erkend werd, dat zij in allen dingen, die de gemeenschap der Kerken niet raakten, zich zelven vrij konden besturen, zonder dat daarom noch geloochend werd, dat geschillen tusschen de gemeente en enkele leden niet in laatsten instantie door het geheel der Kerken mochten worden afgedaan.

gemeentes bestaan en lewe binne die verband wat die gemeentes aanmekaar bind, nié by wyse van akkoord of iets dergeliks nie, maar omdat Gods Woord die gemeentes verplig om hulle by die ware Kerk te voeg [38]). So ontstaan die algemene Kerk en ontvang sy mag nie uit homself nie maar uit die samewerking van al die plaaslike gemeentes [39]). Dat daarmee nog geensinds die independistiese beginsel wat veral in die Doleansie-kerkerg so 'n groot rol gespeel het [40]), in die kerkorde ingedra word nie, word duidelik as in gedagte gehou word dat dit in die presbyteriaal-sinodale stelsel nie primêr om die gemeente of die sinode gaan nie maar om die gesag van Jesus Christus in sy Kerk [41]). Daarom is die vergaderings in die Kerk vergaderings-van-ampsdraers en die sinodale vergadering is prinsipieel niks meer as 'n uitbreiding van die Kerkraadsvergadering nie sodat beide op presies dieselfde vlak staan. Vir beide vergaderings gaan dit immers primêr om die regering van die Kerk deur Jesus Christus en sy Woord. Aangesien die sinodale vergadering egter 'n vergadering is van die ampsdraers van al die gemeentes van die Kerk en omdat die reformatore geglo het dat Jesus Christus sy Kerk regeer onmiddelik deur sy Gees en middelik deur sy Woord dit wil sê deur die amp of die presbyteraat, daarom lê die hoogste middelike gesag van die Kerk by die Algemene Kerkvergadering en moet dié vergadering se besluite ook as plig deur die ander vergaderings en die lidmate gehoorsaam word [42]).

Wat die lede van die Algemene Kerkvergadering betref, is hulle, in die presbyteriaal-sinodale opvatting, nie afgevaardigdes-van-die-Kerkraad in die strikte sin van die woord nie. Want die samestelling van die Algemene Kerkvergadering is nie parlementêr-demokraties nie — immers die bedoeling van die vergadering is nie dat **die volk,** dit is die mens, sal regeer nie, maar Jesus Christus, deur sy Gees en sy Woord. Die Kerk is dus eerder, na die definisie en in die voetspoor van die reformasie 'n Christokratiese broederskap as 'n demokratiese genootskap en dit moet wel na vore kom in die kerkordelike reëlings van die Kerk [43]). Die lede van die Algemene Kerkvergadering moet daar gesien word in hulle afsonderlike kwaliteit van ampsdraer en omdat dit wesenlik 'n presbyteriale

---

38) Dit is, kerkregtelik gesproke, die sin van art. 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat as opskrif dra: Dat iedereen skuldig is om hom by die ware Kerk te voeg.

39) H. G. Kleyn, *a.w.*, blz. 20.

40) A. Kuyper, *De Heraut,* 16 Juni 1889: Naar Gods Woord is er op aarde slechts één bestuur in de Kerk t.w. *de kerkeraad.*

41) A. J. Bronkhorst, *a.w.*, blz. 262.

42) Vgl. H. G. Kleyn, *a.w.*, blz. 105 en 106 asook A. J. Bronkhorst, *a.w.*, blz. 266. Artikel I van die Kerkwet van 1961 herinner in sy formulering egter nog aan die kollegialistiese opvatting van die vroeëre wette.

43) Vgl. hier Heidelbergse Kategismus, Vraag en Antw. 54. Sien ook K. Barth, *Kirchliche Dogmatik,* Zollikon-Zürich 1955, Bd. IV, 2, S. 781 ff.

samekoms is [44]) word daarmee andermaal onderstreep dat dit daar om die diens van die Woord gaan en dat dit dus gaan om die uitoefening van 'n dienswerk wat Jesus Christus aan sy Kerk opgedra het. Dit beteken dat 'n lid van die Algemene Kerkvergadering primêr gebonde is deur sy gehoorsaamheid aan Jesus Christus en sy Woord en eers sekondêr aan die gemeente en Kerkraad wat hom weliswaar gekies het, maar daarna as lid van die Algemene Kerkvergadering erken het [45]).

Dit is dus duidelik dat die presbyteriaal-sinodale opvatting van die Kerk, sy vergaderinge en die gesag in die Kerk teenoor die genootskaplik-kollegialistiese opvatting staan. Immers in die presbyteriaal-sinodale sisteem gaan dit om die geloof in en erkenning daarvan dat Jesus Christus self sy Kerk regeer deur sy Woord as Gees en dat die ampsdraers en die vergadering van ampsdraers die middele is waardeur die Heer en Hoof sy liggaam, die Kerk, regeer. In die kollegialistiese sisteem gaan dit om 'n puur-menslike genootskap wat op die beste moontlike manier uitvoering moet gee aan sy self-opgelegde taak om die openbare Godsverering of die belange van die Kerk of die vermeerdering van Godsdienstige kennis en die bevordering van die christelike sedes te behartig.

Juis die verskil in visie ten opsigte van die amp bring dit andermaal na vore dat daar 'n groot verskil tussen hierdie twee stelsels is. Die amp is by die reformatoriese vadere, in die voetspoor van Calvyn, herlei vanuit die aanwysing in Ef. 4:11-12 wat dan natuurlik meebring dat die amp nie 'n **sacerdotium** is nie maar 'n **ministerium,** 'n dienswerk [46]). Assodanig kan die amp nooit 'n orgaan van die Kerk wees nie en kan die ampsdraer of die vergadering-van-die-ampsdraers ook nie verteenwoordigend van die gemeente wees nie. Calvyn betrek dan ook die amp in die reformatoriese Kerk nie op die leer van die algemene priesterskap van die gelowiges nie maar regstreeks op Christus wat dit as 'n gawe aan sy gemeente gegee het [47]). Verder word dit as 'n basiese grondbeginsel in die reformatoriese kerkordening vasgelê dat daar geen hiërargiese onderskeiding tussen die

---

44) Daar die diaken in ons Kerkwet en kerklike lewe feitlik as 'n hulp-ouderling funksioneer, verander die teenwoordigheid van die diaken op die Algemene Vergadering nie die wesenlik-presbyteriale karakter van die vergadering nie. Daarby is die diakensamp fundamenteel egter nie anders te waardeer nie as 'n verbisondering van die diens van die Woord nie.

45) Hierdie verkiesing is ook nie 'n verkiesing in die parlementêr-demokratiese sin van die woord nie, maar geheel en al in die styl van die verkiesing soos dit in die Bevestigingsformulier vir Ouderlinge en Diakens gesien word. Daar word as eerste vraag aan die kandidaat-ouderling gevra: Ten eerste vra ek u, . . . ., of u nie in u hart gevoel dat u wettig deur die gemeente van God *en daarom deur God self* tot hierdie heilige diens geroep is? (My kursivering.)

46) Vgl. J. Calvinus *l.c.,* IV, 6, 10.

47) A. J. Bronkhorst, *a.w.,* blz. 205.

ampsdraers sal wees nie [48]) en daar verder ook geen onderskeiding, in hiërargiese sin, tussen ampsdraers en gemeentelede gemaak word nie. Daarom word die gemeente in die presbyteriaal-sinodale sisteem prinsipieel as 'n mondige gemeente omskryf en gewaardeer wat daarom ook deel het aan die verkiesing van die ampsdraers [49]). Duidelik gaan dit daarom dat die gemeente en daarom die Kerk, as liggaam van Christus, 'n taak in en ten behoewe van die wêreld het waartoe die gemeente deur die ampsdraers toegerus moet word. Die ampsdraer se taak is dus in daardie rigting toegespits en daarvoor het hulle 'n definitiewe opdrag [50]) en die bestuur van die Kerk is maar 'n onderdeel en nie hoofsaak van hulle opdrag en dienswerk nie.

Dit is dus uit die bostaande duidelik dat die kerklike orde wat in 1862 deur die Kerk aanvaar is, in baie opsigte tekort geskiet het aan die vereistes wat vanuit die Bybels-reformatoriese teologie aan 'n kerklike orde gestel moet word. Dat hierdie kerklike orde, sonder inagneming van hierdie beginsels, aanvaar is hang grotendeels saam met die tydsomstandighede en die voorbeelde van kerklike ordening wat gebruik is. Die feit dat die negentiende eeuse kerklik-teologiese denke, ook wat Suid-Afrika betref, sterk beïnvloed was deur 'n optimisties-anthroposentriese teologie het daartoe bygedra dat hierdie kerklike orde ingang gevind het.

Met die hersiening van die Kerkwet van 1862 in 1869 en later is daar geleidelik verbeterings aangebring hoewel die benadrukking van die genootskaplike kerkopvatting en die administratief-bestuurlike taak van die ampsdraers, bly voortleef het. Die nadruk op laasgenoemde het egter wel meegebring dat 'n vaste en ordelike lewenspatroon in die Kerk geskep is wat in sommige opsigte vandag nog voortleef. Met die Kerkwet van 1951, waarteen ook geldige besware ingebring kan word, is daar egter teruggekeer na 'n meer Bybels-reformatoriese lewensorde vir die Kerk en dit moet as 'n groot wins beskou word. Tog sal dit noodsaaklik wees om op een of ander stadium te kom tot 'n volledige hersiening van die Kerkwet van

---

48) Art. 1 van die franse kerkorde van 1559 sowel as art. 1 van die Emdense orde van 1571 stel hierdie beginsel. In lg. lui dit as volg: Gheen Kercke sal over een ander Kercke, gheen Dienaer des Woorts, gheen ouderlinck, noch Diaken sal d'een over d'ander heerschappie voeren, maar een yeghelijk sal hen voor alle suspiciën, ende aanlockinghe om te heerschappen, wachten. Dieselfde beginsel kom voor in art. 101 van die Dordtse kerkorde van 1574 en in art. 84 van die Dordtse kerkorde van 1618-19. In die Kerkwet van 1951 word dit deur middel art. VI, bls. 3 heringevoer in ons Kerk. Dat hierdie beginsel van Calvyn afkomstig is, word bewys deur *Institutio*, IV, 12, 7.

49) Vgl. J. Calvinus, *l.c.*, IV, 3, 15 asook J. Bohatec, *Calvins Lehre von Staat und Kirche*, Breslau 1937, S. 477 ff., 486 ff., en 492 ff.

50) Die Kerkwet van 1862 gebruik ten opsigte van die ampsdraer se taak die volgende sinsnede: Aan Predikanten is toevertrouwd en aanbevolen . . . . Dieselfde ten opsigte van die ouderling en diaken.
Vgl. hiervoor: *Algemeen Reglement*, arts. 21-23 *S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 4*. bls. 586.

1951 en dan sal volledig rekening gehou moet word met die goeie en bruikbare uit die kerkordelike verlede van ons Kerk. In dié sin sal die Kerkwet van 1862 andermaal na vore gebring moet word. Met so 'n hersiening sal die basiese verkeerdhede en die onhoudbare formulerings uit die vroeëre kerkwette vermy moet word en sal die Kerk in al sy reëlings daarmee rekening moet hou dat dit hier gaan om die formulering van 'n orde vir die Kerk waarin volledig rekening gehou moet word met die feit dat in laaste instansie nie die mens nie, maar Jesus Christus regeer oor sy Kerk op aarde.

A. D. PONT